# Redaksioneel

Die *Hervormde Teologiese Studies (HTS)* is die vaktydskrif van die Fakulteit Teologie (Afdeling A), Universiteit van Pretoria, en word uitgegee deur die Tydskrifafdeling van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Bogenoemde twee bene van die *HTS* word verteenwoordig in die samestelling van die Redaksie deurdat al die voltydse lede van die Fakulteit Teologie (Afdeling A) die Redaksie van die *HTS* vorm en die direkteur van die Tydskrifafdeling as die sekretaris van die Redaksie optree. Die dekaan van die Fakulteit Teologie (Afdeling A) dien as voorsitter van die Redaksie.

Die *HTS* stel hom ten doel om, in ooreenstemming met sy stigtingsakte, (kyk [Gemser, B] & Dreyer T F J 1942, Woord vooraf en welkomswoorde. *HTS* 1/1, 1-3) op nasionale gebied diens te lewer deur die teologiese wetenskap te bevorder, 'n eie Suid-Afrikaanse teologie uit te bou en om sodoende uitvoering te gee aan die opdrag van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika aan sy dosente in die teologie om in die kerk leiding te gee in die teologiese arbeid ter wille van die verkondiging van die evangelie. Vir dié doel word bydraes op die gebied van die teologie en aanverwante wetenskappe ook van buite die kring van die Fakulteit Teologie (Afdeling A) aan die Universiteit van Pretoria en die kring van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika geïnisieer en ontvang. Vier Aflewerings van die *HTS* word per jaar uitgegee. Hierbenewens word van tyd tot tyd addisionele Supplementa uitgegee waarin monografieë in verband met die teologie en van hoogstaande wetenskaplike kwaliteit gepubliseer word. Twee nommers het reeds verskyn. Onder redaksie van J H Barkhuizen het 'n publikasie oor die vroeg-Christelike kerklied verskyn, getitel *Hymni Christiani.* Die tweede handel oor die tekskritiek en -geskiedenis van die Nuwe Testament en is geskryf deur J H Petzer. Hierdie publikasie is getitel *Die teks van die Nuwe Testament.* Gedurende 1991 verskyn die volgende twee Supplementa, te wete J H Potgieter se dissertasie oor die boek Jona en P van Staden se sosiaal-wetenskaplike studie van die teologie/ideologie van Lukas. Hierdie publikasies kan by die Tydskrifafdeling bestel word.